# ZIMBABWIESE WERKSPERMITTE

Georganiseerde Landbou in Limpopo is bekommerd oor die impak wat veral Zimbabwiese werkpermitte, wat onder die ZSP (Zimbabwean Special Permit)- stelsel toegestaan is, en wat teen einde Desember 2017 gaan verval, op die arbeidsituasie in die provinsie gaan hê. Verskeie ander kategorie werkpermitte sal teen verstryking daarvan ook nie weer hernu word nie. Dit sal die situasie vererger.

Die Dept. van Binnelandse Sake het nog geen aanduiding gegee dat daar 'n alternatiewe permit-stelsel gaan kom wat die bestaande stelsel gaan vervang nie. Vorige aanduidings was dat die permithouers by verstryking van hul permitte na Zimbabwe sal moet terugkeer.

Die stap is daarop gemik om meer werksgeleenthede vir SA burgers beskikbaar te stel. Die Dept. van Arbeid is hiermee getaak. Die feit is dat Suid Afrikaners nie bereid is om sekere werk op plase te doen nie. Dit is by herhaling deur die Dept. van Arbeid waargeneem tydens die prosesse wat gevolg moet word voordat landbou toestemming kry om buitelandse werkers op 'n permit-stelsel in diens te neem. Allerweë word erken dat plaaslike werkloses eenvoudig nie meer plaaswerk wil verrig nie, maar telkens word hierdie feite geïgnoreer ten gunste van 'n politieke agenda.

Daar is konserwatief geskat, sowat 500 000 Zimbabwiërs wat wettig en onwettig in Suid Afrika woon en werk, wat teen vroeg 2018 gedeporteer moet word na 'n land wat nie die ekonomiese vermoë het om hulle te akkommodeer nie. Dieselfde ekonomiese omstandighede wat hulle na SA gedryf het, bestaan steeds in Zimbabwe. Dit het selfs verder verswak.

Met 'n grens wat geen immigrasiebeheer moontlik maak nie, sal hierdie mense eenvoudig as onwettiges die land weer binnekom. Hulle gaan in hulle massas op plase in Limpopo opdaag op soek na werk. Hierdie keer sonder dokumentasie van enige aard.

Indien hierdie mense in diens geneem sou word, is die boer onmiddellik skuldig aan die oortreding van immigrasie- en arbeidswetgewing. Die sosio-maatskaplike en sosio-ekonomiese probleme wat vroeg in 2018 op ons noordelike grens gaan ontstaan, sal veiligheidsprobleme vir grondeienaars langs daardie deel van die grens laat toeneem. Hierdie situasie gaan geweldige druk plaas op SAPD-bronne soos mannekrag en voertuie. Misdaadbekamping in die hele Limpopo gaan 'n groter probleem word as wat tans die geval is.

Dit is onrealisties om te verwag dat die SANW die situasie moet verlig. Onder huidige omstandighede slaag hulle nie daarin om onwettiges uit die land te hou nie, waarom sal groter getalle uitgehou kan word?

Die meganisme wat tans werk en wat in die toekoms toenemend in werking sal wees, is dat 'n honger mens sal migreer na 'n ekonomie wat geleenthede bied. Hetsy werkgeleenthede of misdaad geleenthede. Vir Zimbabwiërs bied SA albei hierdie geleenthede.

Georganiseerde landbou het by herhaling daarop gewys dat geen maatreël suksesvol kan wees om toestroming uit buurlande te keer, solank effektiewe grensbeheer nie toegepas kan word nie. Verder is die toejuiging van 'n mislukte grondbeleid in Zimbabwe presies die teenoorgestelde van wat nodig is om 'n oplossing vir die toestroming te kry. Die werklike oplossing is 'n ekonomiese een. Kry die Zimbabwe ekonomie weer aan die gang, skep werk en maak landbou weer so sterk soos wat hy was, dan sal Zimbabwiërs in hul land bly.

Die beroep op landbou om oplossings te skep vir werkloosheid in SA, sal moeilik slaag solank as wat die effek van verstedeliking, gebrek aan die wil om te werk en die siening dat plaaswerk 'n minderwaardige werk is en dus nie meer aanvaarbaar is vir baie nie, verreken word in arbeidswetgewing nie. Politieke voorpratery wat arbeiders net motiveer om "reg" te stem en nie tot groter produktiwiteit inspireer nie, is teenproduktief in die bereiking van indiensnemingskoerse in landbou. Landbou sal graag Suid Afrikaners in diens neem wat uitsette lewer vergelykbaar met die van buitelandse werkers.

Intussen steun die SA ekonomie swaar op kwaliteit arbeid uit ons buurlande. Landbou sal graag wil sien dat die regering die feite wil erken, dit moontlik maak dat landbou sulke mense wettig in diens kan neem en so verseker dat landbou sy bydrae lewer tot die land se ekonomie.

**Limpopo Landbou Forum, Mediaverklaring, 20 Junie 2017**




## Invitation to attend the Ordinary Meeting of Council

**Rustenburg** – The Rustenburg Local Municipality (RLM) herewith invites members of the public, in terms of Section 19 of the Local Government: Municipal System Act 2000, as amended – as well as Section 31 (i) of the Local Government: Structures Act 1998 as amended, to the ordinary council meeting of Council, which is scheduled as follows:

**Time:** 10h00
**Date:** 27 June 2017
**Venue:** Rustenburg Civic Centre

*RLM press release, 14 June 2017*

## Rustenburg: Traffic Registering Authority Office temporarily relocated

**Rustenburg** – The Rustenburg Local Municipal office of the executive mayor issued a notice to residents on Tuesday, 20 June 2017, that The Traffic Registering Authority Office remains non-operational and will be temporarily relocated.

The Traffic Registering Authority office, usually located opposite Ferncrest Hospital in Tlhabane, is not operational due the burglary that occurred there on 9 June 2017, police investigations and structural repairs continue.

To mitigate the situation in the meantime, the services of the motor vehicle registering authority will be relocated temporarily to the Provincial Traffic Office in Kock Street, behind the Rustenburg Square Complex, until further notice.

"We apologise sincerely for the inconvenience caused," Thapelo Matebesi, unit manager for communications, said.


# Onemix is No1!

LIMITED SPECIAL OFFER!
**Special Mix (15mpa - 26mm stone) is on special: R1100 per m³. This price includes delivery in Rustenburg.**




***All mix designs done by PPC. We only use PPC cement & by-products. All mixes guaranteed accordingly.***

**Rustenburg** – Onemix (Pty) Ltd opened their doors in October 2016 and has since become known as the best ready-mix plant specialising in all types and volumes of concrete mixes.

They are a ground-breaking, forward-thinking concrete supplier. Onemix also utilises 1.5m³ trucks that can easily access more confined spaces such as panhandles or your back garden. They offer loads as small as 1.5m³ but still also cater with 6m³ trucks. This means you can purchase the precise amount of concrete or ready-mix you need.

They work closely with large building contractors and bring that same professional skill to your own private project. No job is too big or too small!

All concrete are mixed on PPC's standards and guaranteed accordingly, as PPC is Onemix's sole supplier on cement and by-products.

"When I needed to complete my DIY project, I found their services extremely professional and they delivered the goods within a few hours," Reynders Brough, an avid DIY enthusiast, said. "Their prices are very reasonable and the goods of high quality."

**89E Ridder Street, East End (right next to Mini Build)**
**You can contact OneMix on the same numbers as Mini Build!**

**Tel:** 014-596 5180
**Fax:** 014-596 5959
**Cell:** 079-218 3144